

GEDAGTE VIR DIE VASTYD

“Here, na wie toe sal ons gaan?

U het die woorde van die ewige lewe.

En ons glo en weet dat U, die Heilige van God is.”

(Johannes 6:68-69)



Wanneer 'n mens van geluk droom, dan is ons eintlik besig om na Jesus te soek. Daar waar niks anders ons meer kan vervul of versadig nie, daar wag Jesus op ons. Dit is eintlik sy skoonheid wat ons lok, en dié dors in ons wat ons net nie met rus wil laat nie, is ons siel wat na Hom dors. Hy dryf ons daartoe om ontslae te raak van alles wat vals is in ons lewe. Al die maskers wat ons dra. Dit is Hy wat diep in ons harte die begeerte geplaas het om die regte keuses te maak. Want elkeen van ons is gemaak om iets groots vir God te doen. Moenie met iets minder tevrede wees nie. Jesus versterk ons wil om die hoogste en beste ideale na te strew. Hy gee ons die krag om nederig genoeg te wees om onself en ons gemeenskap te verbeter, om meer menslik te word.

Sint Johannes Paulus II